# Wat is *Parliament Watch*?

*Parlement Watch* is 'n kollektief van onafhanklike organisasies met die oog op die bevordering van sosiale geregtigheid, die verwesenliking van menseregte, en 'n sterk grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika. Medewerkers sluit in die Dullah Omar Instituut (DOI) by UWK (DOI); Equal Education Law Centre (EELC); Livity Afrika (LA); Parliamentary Monitoring Group (PMG); Public Service Accountability Monitor (PSAM); The Right to Know Campaign (R2K); Social Justice Coalition (SJC); and Women on Farms Project (WFP).

# Hoekom hierdie feiteblad?

Die Nasionale Vergadering oorweeg tans 'n mosie van wantroue in die President. Die Grondwetlike Hof is gevra om 'n geheime stemming af te dwing. In 'n aparte saak is die Grondwetlike Hof gevra om te beslis oor die "vervolging" (*impeachment*) van die President. Wat hieronder volg, is 'n kort opsomming van wat die Grondwet bied oor hoe die President uit sy amp onthef kan word.

# Vir meer inligting


**Me Samantha Waterhouse** (Dullah Omar Instituut) swaterhouse@uwc.ac.za

**Me Gaile Fullard** (Parliamentary Monitoring Group) info@pmg.org.za

**Me Zukiswa Kota** (Public Service Accountability Monitor) z.kota@ru.ac.za

**Prof Jaap de Visser** (Dullah Omar Instituut) jdevisser@uwc.ac.za


PARLIAMENT WATCH

# feiteblad

## OOR DIE REËLS vir die **ontslag** van die PRESIDENT

# Hoe word die President verkies?

Die President word verkies deur die Nasionale Vergadering in 'n geheime stemming.

# Hoe word die President uit sy amp verwyder?

Daar is drie opsies:

| Vervolging *(Impeachment)* | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|

## Hoe?

| Vervolging | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|
| Nasionale Vergadering neem 'n besluit om die President uit sy amp te verwyder. | Nasionale Vergadering aanvaar 'n mosie van wantroue in die President. Die President moet dan bedank. | President stel die Speaker van die Nasionale Vergadering in kennis van sy of haar bedanking. |

## Op watter gronde

| Vervolging | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|
| Ernstige skending van die grondwet of die wet;<br>Ernstige wangedrag; of<br>Onvermoë om die funksies van die amp uit te voer. | Nasionale Vergadering het nie meer vertroue in die President nie (dit wil sê dit is 'n politieke besluit). | Politieke of persoonlike besluit. |

## Waaroor gaan die grondwetlike hofsaak oor die vervolging *(impeachment)*?

| Vervolging | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|
| Die EFF, UDM en COPE het die Grodwetlike Hof gevra om die Speaker van die Nasionale Vergadering opdrag te gee om die proses dat die President vervolg word, te begin.<br>Hulle versoek is gebaseer op die Nkandla-beslissing wat bevind het dat die President "versuim het om die Grondwet te handhaaf, te verdedig en te respekteer".Die Hof het nog nie uitspraak gelewer nie. | Nie van toepassing. | Nie van toepassing. |

## Hoe groot meerderheid?

| Vervolging | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|
| Twee derdes meerderheid (1/3 1/3) | Eenvoudige meerderheid (50% +1) | Nie van toepassing. |

## Hoeveel stemme is nodig?

| Vervolging | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|
| **267** uit *400* stemme | **201** uit *400* stemme | Nie van toepassing. |

## Wat gebeur met die res van die Kabinet?

| Vervolging | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|
| Hulle bly in hulle ampte. | Alle Ministers en Adjunk-ministers moet ook bedank. | Alle Ministers en Adjunk-ministers moet ook bedank. |

## Is die President geregtig op voordele en byvoordele (pensioen, sekuriteit ens.) as hy sy amp verlaat?

| Vervolging | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|
| Geen voordele. | Geregtig op voordele. | Geregtig op voordele. |

## Wie neem oor by die President?

| Vervolging | Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|---|
| Adjunk President | Speaker, totdat die Nasionale Vergadering 'n ander lid aanwys. | Adjunk President |

## Hoe word die vakature gevul?

Binne 30 dae moet die Hoofregter voorsit by die verkiesing van 'n nuwe president.

## Mag LPs stem vir wie hulle ookal wil?

| Vervolging / Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|
| Die wet verplig nie LP's om op 'n bepaalde wyse te stem nie. Daar is egter die neiging by LP's om te stem in ooreenstemming met 'n posisie wat deur die partyleierskap aanvaar is. Daar is 'n bekommernis dat 'n party se posisie op 'n bepaalde kwessie kan verskil van die mense wat vir hulle gestem het. As 'n LP stem teen die party se posisie oor 'n kwessie, kan die party daardie LP dissiplineer. Dit sal in alle waarskynlikheid beteken dat hy of sy van die Parlement verwyder word en vervang word deur 'n ander partylid. Dit sou net anders wees as 1) daar is geen partyposisie op 'n spesifieke kwessie nie – dit wil sê die party kan sy LPs laat stem volgens hul eie oortuiginge of gewete of 2) wanneer die stem geheim is en die partyleiers nie sal weet hoe elke LP gestem het nie. | Nie van toepassing. |

## Is die verkiesing van die President in geheim?

| Vervolging / Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|
| Ja, dit word volgens 'n geheime stemming gedoen. | Nie van toepassing. |

## Is stem op 'n mosie van wantroue of 'n resolusie om die President te vervolg *(impeach)* 'n geheime stemming?

| Vervolging / Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|
| Nee, die Reëls van die Parlement voorsien nie vir 'n geheime stem vir 'n mosie van wantroue nie of vir 'n resolusie om die President te vervolg nie. Dit is dus 'n oop stem. | Nie van toepassing. |

## Is hierdie reël al betwis in die verlede?

| Vervolging / Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|
| Ja, in 2015 het AGANG SA, COPE en die UDM die Wes-Kaapse Hooggeregshof versoek om te beslis dat stemming oor die verwydering van 'n president in die geheim gedoen moet word. Die hof het bevind dat dit nie die mag het om vir die Parlement voor te skryf hoe stemprosedure georganiseer moet word nie en dat die Parlement self daaroor moet besluit.<br>Gedurende die 2015/16 hersiening van die Reëls van die Parlement, het 'n paar partye voorgestel dat die Reëls moet bepaal dat 'n mosie van wantroue deur geheime stemming beslis word. Dit is egter nie deur die meerderheidsparty aanvaar nie. | Nie van toepassing. |

## Is dit desondanks wetlik moontlik vir 'n geheime stemming om te gebeur?

| Vervolging / Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|
| Ja. Die Speaker mag beslis dat die stemming geheim sal wees. Die Nasionale Vergadering mag ook besluit op 'n geheime stemming. 'n LP kan 'n mosie bring wat voorstel dat 'n bepaalde besluit gestem word deur geheime stemming. Vir so 'n mosie te slaag, vereis die meerderheid steun van die Nasionale Vergadering. | Nie van toepassing. |

## Waaroor gaan die Grondwetlike hofsaak oor geheime stemming?

| Vervolging / Mosie van wantroue | Bedanking |
|---|---|
| Op 11 April 2017 het die UDM die Grondwetlike Hof gevra om die Parlement opdrag te gee om 'n geheime stemming te hou oor die mosie van wantroue. Die UDM argumenteer dat ANC dreigemente om afvallige LPs te dissiplineer wat so 'n mosie sou ondersteun, ondemokratiese is. | Nie van toepassing. |

**Buite parlementêre** prosesse is daar prosedures binne die **ANC** om **'n president** te ***herroep,*** soos wat gebeur het toe voormalige **president Thabo Mbeki** herroep is deur die **ANC** en sy ***bedanking*** vereis is.